# Wanneer jy bid

## Wanneer jy bid... soos Jesus

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 8 Februarie 2026

Gebed, die grootste gesprek wat 'n mens kan hê. Dis waaroor ons die afgelope paar weke gesels het: iets gebeur wanneer jy bid... en ons eindig vandag op heilige grond.

'n Heilige uur... Toe ons Meester gewys het hoe dit is om Sy Vader lief te hê; om Sy Vader te gehoorsaam, al kos dit wat. By Hom leer ons van oorgee. Hy wat weet hoe om te buig, leer my wat sukkel om te buig, ongeag hoe sterk my eie wil is. Dis waaroor ons vandag dink.

In die evangelies is daar altesaam 89 hoofstukke. Vier van dié hoofstukke speel af in die tydperk van Jesus se geboorte tot die ouderdom van 30. Die volgende 85 hoofstukke beskryf die laaste drie jaar van Jesus se lewe. Van die 85 hoofstukke wat oor die laaste drie jaar van sy lewe geskryf is, handel 29 oor die laaste week van sy lewe, en 13 daarvan vertel ons van die laaste 24 uur van sy lewe.

Alles bou op, alles kulmineer in hierdie oomblik: die groot versoening.

*"Cut the Bible anywhere and it bleeds" – William Graves*

Maak nie saak waar jy in die Bybel lees nie, dit wys na die versoeningswerk – die opbou na wat Jesus kom doen het. Jesus het gesterf vir jou sondes. Ek is seker iemand het dit al vir jou gesê, of jy het dit al vir iemand anders gesê. Dit is die grootste gebeurtenis in die mensegeskiedenis. Dit is die kern van die Bybel se verhaal.

Maar hierdie woorde het so algemeen geword, in 'n sekere sin 'n goedkoop slagspreuk. Dis asof ons dit soms hoor en dit ruk ons nie meer in ons wese nie. Want hierdie woorde, hierdie daad, is verbysterend. En dis die rede waarom ons in die evangelies sien hoe die fokus op hierdie oomblik al hoe meer gekondenseer word en opbou. Dit begin in die tuin van Getsemane, asof tyd van hier af stadiger begin loop in die oomblikke wat volg.

Getsemane, 'n tuin. Die lewe het begin in 'n tuin, en as gevolg van 'n besluit in daardie eerste tuin, is ons verdoem. Nou is ons weer in 'n tuin, maar dié keer is dit anders. Jesus is nie soos die eerste Adam wat in die eerste tuin van God weggehardloop het nie. Jesus bid... 'n rou, eerlike, menslike gebed. Hy gaan na die Vader... en dan GEE HY OOR, en dit verander alles.

Jesus en sy dissipels is in die tuin van Getsemane, 'n olyfboord. Dis teen die hange van die Olyfberg, oorkant die stad Jerusalem. Die naam Getsemane beteken **OLYFPERS**, en dit is presies wat daar gebeur het. Daar was olyfbome en 'n olyfpers. Dis 'n implement met twee groot stene, waarvan die boonste steen gedraai het. Op een deel van die onderste steen was 'n groefie waar die olie dan sou inloop soos die twee stene die olywe teen mekaar pers. Die grootste waarde van die olyf is in die olie, en dit kan net deur die druk en verplettering van die olyf vrygestel word.

En dit is wat in Getsemane, die olyfpers, gebeur het. Die mense van daardie tyd sou dit verstaan het. As jy olie wou koop, sou jy daarheen gegaan het. Ek wonder of die dissipels op pad Getsemane toe nie besef het dit is presies wat met Jesus gaan gebeur nie; Hy was soos 'n olyf op pad na die pers.

***Jesaja 53:5***
*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

Hulle kom aan by Getsemane. Jesus sê vir die dissipels, "Sit hier terwyl ek dieper ingaan om te gaan bid."

***Matteus 26:37-38***
*37 Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword 38 en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My."*

Neem hierdie oomblik in. Jesus word diep bedroef en beangs. Hy sê vir hulle, “Sit hier en bid… wees net by My… ek voel die pers…”. In die Engelse vertaling: “He took Peter and the two sons of Zebedee along with him, and he began to be *sorrowful and troubled*”.

In daardie oomblik het iets begin. Jesus ervaar ’n oorweldigende hartseer; ’n angs so oorweldigend dat dit voel dit gaan Hom verpletter. Jesus se woorde skets die prentjie: “My siel is diep bedroef tot die dood toe.” Hierdie gevoel wat begin het, druk Hom van alle kante. Dis wat begin gebeur het by Getsemane… die OLYFPERS.

Die woord *benoud / troubled* is dieselfde woord vir *horror*, of *to be horrified*. Soos Jesus na die dieper dele van die tuin, die olyfpers, inloop, ervaar Hy ’n verskriklike, bedrukte ervaring van afgryse. ’n Angs wat Hom wurg, tot op die punt dat dit voel Hy gaan sterf.

Dan kom Lukas in sy evangelie en gee vir ons ’n detail wat enige dokter, soos Lukas was, sou bekommer. Jesus het drie keer gaan bid, en elke keer as Hy terugkom by die dissipels, was Hy deurdrenk met sweet. Saam met die sweet kon hulle bloed sien. Dit word *hematidrose* genoem. Dit is wanneer ’n persoon soveel stres of angs beleef dat die kapillêre onder die vel bars en die sweet met bloed meng, sodat dit lyk of die persoon bloed sweet. Dit is baie seldsaam en beklemtoon hoe uitsonderlik hierdie oomblik was.

Maar wat is besig om hier te gebeur? Hoekom hierdie intense stres, nou in die tuin? Dis nie dat Jesus nuwe inligting gekry het toe Hy in die tuin aankom nie. Net ’n paar uur voor hierdie oomblik het Hy sy dissipels vertel van Sy liggaam wat gebreek gaan word en Sy bloed wat gaan vloei. Hy het nie in die tuin ingeloop en skielik besef, “dis nou hier en dis te veel” nie. Jesus het geweet Hy gaan ly. Hy het geweet hoe Hy gaan sterf. En Hy het ook geweet hoekom.

Wat het Jesus in daardie oomblik begin beleef? Want dis uniek. Die intensiteit van die oomblik staan in sterk kontras teenoor die duisende ander mense wat al vir hulle geloof gesterf het. Hoeveel stories het ons al gehoor van mense wat met vrede en sonder angs gemartel is? Mense met ’n bonatuurlike vrede, selfs terwyl hulle ly. Hulle het nie bloed gesweet nie. Hulle was nie verpletter in daardie oomblik soos Jesus hier was nie. Hoe is dit dat die volgelinge van Jesus makliker sterf as Jesus self? Hoekom die oorweldigende angs en pyn, selfs voor die kruis?

Drie keer gaan Jesus en bid, en vra die Vader of dit anders kan gebeur. En die een vraag wat Hy aanhou vra, is: “Is dit nodig dat ek van die BEKER drink? Is dit regtig nodig? Is daar nie ’n ander manier nie?”

Wat is hierdie BEKER waarvan Jesus praat? Dit gaan nie oor die fisiese lyding nie. Dit was boos, ’n gruwel wat geen mens moet deurmaak nie, maar dit was nie die beker nie. Die Bybel en die kommentare is baie duidelik oor wat die beker was: dit was die metafoor vir God se oordeel oor SONDE; God se straf vir sonde, as't ware.

In die antieke tyd is baie mense tereggestel met ’n beker. Hulle sou ’n verskriklike gif drink wat letterlik hul ingewande emulsifiseer het. Omdat hierdie praktyk bekend was, het die Hebreeuse profete dit gebruik as ’n metafoor vir God se oordeel oor sonde. Die mense van daardie tyd sou die beeld goed verstaan het.

***Esegiël 23:32-34***
*So sê die Here my God: “Jy sal die beker drink wat jou suster moes drink, 'n diep, wye beker. Jy sal bespot en uitgelag word, want daar is baie in die beker. Jy sal jou vol drink en dronk word van swaarkry; die beker wat jou suster Samaria moes drink, is 'n beker vol angs en skrik. Jy sal hom leeg drink, alles opdrink, jy sal aan sy skerwe knaag…”*

En dít is die verskil tussen wat Jesus in hierdie oomblik beleef en al die ander mense wat vir hulle geloof gesterf het: hulle het nie die beker in die oë gestaar nie.

Maar dit antwoord nog nie ons vraag nie. Wat het gebeur in vers 37, wat sê: “…and he began to be sorrowful and troubled”? Wat het begin? Want, weereens, Jesus het geweet die beker kom; Hy het geweet Hy gaan daaronder ly. Wat hier in vers 37 begin gebeur het, is dit: soos Jesus loop na die plek waar Hy wou bid – ’n plek waarheen Hy gereeld gegaan het om by Sy Vader te wees – begin Hy die beker beleef. Hy begin ervaar hoe die Vader wegdraai.

In hierdie deel sien ons veral hoe God teen sonde oordeel. Dis amper ’n soort poëtiese geregtigheid. Want die sondige hart wil net wegkom, so ver van God af as moontlik. “Ek wil my eie meester wees. Ek wil my eie besluite neem. EK IS IN BEHEER.” So, die manier wat God sonde straf, is om vir die sondige hart te gee wat dit wil hê.

***2 Tessalonisense 1:8-9***
*Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag.*

Dis die straf: om die hart presies te gee wat die hart die hele tyd wou hê. Sny die hart af van die teenwoordigheid van God. Dit is HEL! Dis die BEKER. En die rede hoekom dit die vreeslikste straf is, is omdat ons gemaak is vir die teenwoordigheid van God. Ons het dit so nodig soos 'n blom die son nodig het, anders verlep dit. Ons het Sy liefde nodig. Ons het Sy heerlikheid nodig. Ons het dit nodig om Hom te dien.

So, wat hier gebeur, soos Jesus dieper in die tuin inbeweeg, is dat Hy begin bid. Soos Hy altyd doen. Hy het geleef in die teenwoordigheid van die Vader. Jesus het al Sy krag, liefde en genade vanuit Sy verhouding met die Vader gekry. In hierdie oomblik draai Hy weer na die Vader... en toe tref dit Hom. Toe Hy na die Vader draai, was daar NIKS. Net die beker.

*"The dreadful sorrow and anxiety, then, out of which the prayer for the passing of the cup springs, is not an expression of fear before a dark destiny, nor a shrinking from the prospect of physical suffering and death. It is rather the horror of the one who lives wholly for the Father... Jesus came to be with the Father for an interlude before his betrayal, but found hell rather than heaven opened before him, and he staggered." – Thomas Merton*

Jesus, soos altyd, draai na die Vader, en daar was niks. Net die donkerte. Hy draai met 'n verwagting, en al wat Hy sien, is die hel.

*"The Agony that Jesus experienced in the garden was caused by a vivid, bright, full, immediate view of the wrath of God. God the Father, as it were, set the cup down before Him that was vastly more terrible than Nebuchadnezzar's furnace. He now had a near view of the furnace into which he was about to be cast. He stood and viewed the raging flames and the glow of the heat, that He might know where He was going and what He was going to suffer..." – Jonathan Edwards*

In hierdie oomblik voel Jesus wat die profete in die Ou Testament geskryf het. Hy het na die Vader toe gedraai, en daar was niks. Dis wat begin het. Hy het begin ervaar wat voorlê. Dink net hieraan: as net die begin van hierdie toorn van God dit aan Jesus doen, hoe moes dit gewees het die oomblik toe Jesus daardie woorde uitgeroep het: "ELI, ELI, LAMA SABAGTANI" – My God, my God, waarom het U my verlaat?

Daarom is hierdie oomblik so belangrik. Jesus begin die beker proe. Hy begin die verlorenheid en alleenheid ervaar wat vir ons beskore was. Selfs Sy dissipels wat aan die slaap raak, is 'n voorbeeld van hierdie alleenheid. Hy vra hulle om by Hom te bly en saam te bid, maar elke keer as Hy by hulle kom, slaap hulle. Maar wat dit so besonders maak, is dat dit bewys hoe lief Jesus ons gehad het. Dit wys hoe duur Hy vir ons betaal het.

*"Christ was going to be cast into a dreadful furnace of God's wrath, and it was not proper that He should plunge Himself into it blindfolded, not knowing how dreadful the furnace was. Therefore, God brought Him and set Him at the mouth of the furnace, that He might look in and stand and view its raging fierceness, and might see where He was going and voluntarily go into it, bearing it for sinners, knowing what it was." – Jonathan Edwards*

Wat hy hier sê, is so waar. Indien Jesus nie vooraf, voordat Hy die beker geneem en gedrink het, geweet het wat dit behels nie, sou dit nie heeltemal Sy eie, vrywillige besluit as mens gewees het nie. Hy het die beker gesien. Hy het dit ervaar in die tuin. En Hy het steeds besluit om die beker te drink. En Hy doen dit met 'n gebed:

***Lukas 22:42***
*"... Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!"*

So intens is Jesus se liefde vir ons. Dit is soveel dieper, soveel groter as wat ons ooit sal kan besef. Jesus sien hoe erg die beker is. Hy sien hoe 'n lewe lyk wat werklik kry wat dit wil hê. Jesus sien en beleef hoe dit sal wees as 'n mens sy eie belang weg van God se wil af volg. En Jesus kon nie anders as om die beker te drink nie, sodat ek nie hoef nie.

Hoe kon Jesus hierdie keuse maak? Hoe kon Hy, nadat Hy die beker gesien en geproe het, steeds sê, "Laat U wil geskied"? Die antwoord lê in Jesus se gebedslewe. Sy daaglikse oorgawe het Hom in staat gestel om Sy wil oor te gee, want Hy ken die Vader. 'n Hele lewe van oorgawe – Getsemane was nie die eerste keer wat Jesus sy wil oorgegee het nie. Sy hele lewe, van die versoekings in die woestyn tot Sy daaglikse gebede, was 'n voortdurende "ja" vir die Vader. Daardie leeftyd van oorgawe het die geestelike spier gebou om, in die oomblik waar dit onmoontlik voel om ja te sê, steeds JA te sê, want Hy kon sien hoe die lewe sonder die wil van die Vader lyk.

*"I could never believe in God if it were not for the cross. In the real world of pain, who could worship a God immune to it?" – John Stott*

Jesus verstaan. Ons God verstaan. Hy weet ek en jy kan dit nie doen nie; ek kan nie hierdie keuse maak nie.

Jonathan Edwards skets hierdie prentjie: Die Vader gaan staan langs Jesus en wys Hom: “Hier is die BEKER, drink. Hierdie is die BRANDOOND. Hier is die hel, sodat hulle gered kan word. Daar is geen ander manier nie. Óf jy sterf, óf hulle. Sien jy hoe verskriklik die hitte is? Sien jy hoe alleen dit is? Sien jy die pyn wat jy moet verdra? Sal jy gaan? Is jou liefde genoeg?”

Jesus draai na die Vader. Hy kon gesê het: “Hoekom sal ek dit vir hulle doen? Hulle verraai my, verloën my, en my heel naaste volgelinge kan nie eens die eenvoudigste ding doen en wakker bly nie.” Maar Jesus het dit nie gesê nie. Hy is te lief vir ons.

Hierdie oomblik in Getsemane wys ons die gewig van dit waarvan ons gered is. Dis soveel groter as wat ons dink. Jesus se gebed leer my iets van my eie wil: my wil verwoes, my wil lei na die beker, maar Sy wil RED en maak vry, al lyk dit onmoontlik. En al wat ek daarmee kan doen, is om voor Hom neer te val en te aanbid, en oor en oor te vra: “Here, help my om ’n Getsemane-mens te wees.”

En skielik kry Matteus 6:33 nuwe betekenis:

*“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”*

Wat is “al hierdie dinge”? Net voor hierdie vers, vertel Jesus wat “al hierdie dinge” insluit:

- Skatte

- Die oog / denke

- Om nie twee meesters te dien nie

- Om jou nie oor vandag te kwel nie

Dis ’n Getsemane-lewe.

Wat is dit vanoggend wat jy moet kom neerlê? Waarin volhard jy wat jy weet jy moet neerlê? Dalk bid: “Here, hier is my besluite, my kruispaaie, my wil…”

Lewe kom uit Getsemane se gebed, waar Jesus jou nooi… DAAGLIKS NOOI… “Kom, Ek help jou om oor te gee. Ek maak jou ’n Getsemane-mens.”